# Hoofstuk 1.

## Inleiding.

### 1. Probleemstelling.

Die distrik Potchefstroom beklee 'n belangrike plek in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Potchefstroom is die eerste Voortrekkerdorp wat ten noorde van die Vaalrivier aangelê is en van die belangrikste gebeure in die Republiek se geskiedenis het daar plaasgevind. Dit is redelik algemeen bekend dat Potchefstroom die ou Suid-Afrikaanse Republiek se eerste hoofstad was en 'n belangrike rol in die staatkundige ontwikkeling van die Republiek gespeel het. Die eerste kerk in Transvaal is in Potchefstroom gebou, die eerste staatskoerant is daar gedruk, die eerste koerant is daar uitgegee en die eerste skote van die Eerste Vryheidsoorlog het daar geklap.

Die uitbreek en verloop van die Eerste Vryheidsoorlog was ongetwyfeld een van die belangrikste gebeure wat in Potchefstroom plaasgevind het. Saam met die gebeure te Amajuba, Pretoria en Rustenburg was die gebeure in Potchefstroom sonder twyfel die militêre swaartepunte van die Vryheidsoorlog. Die gebeure in en om Potchefstroom trek om verskillende redes die aandag. Die eerste skote van die stryd om onafhanklikheid het daar geklap en die beleg van die Britse garnisoene het op twee dae na, net so lank as die hele oorlog geduur. Die beleg van die Engelse fort vir

vyf-en-negentig dae het 'n romantiese kleur aan die gebeure in die dorp verleen.

Hoewel daar verskeie bronne oor die beleg van Potchefstroom is, is daar nog verskeie interessante aspekte wat hom leen tot verdere studie. Een so 'n aspek is die fisiese voorkoms van Potchefstroom voor en tydens die beleg waaraan tot op hede min aandag gegee is. Die vraag wat onwillekeurig by 'n mens opkom is: "Hoe het Potchefstroom tydens die Eerste Vryheidsoorlog daaruitgesien?" Met ander woorde, wat was die fisiese voorkoms en hoe is dit deur die beleg geraak?

Hierdie studie is dus 'n poging om sovêr as moontlik 'n demografiese, ekonomiese, sosiale en administratiewe beeld van Potchefstroom tydens die Eerste Vryheidsoorlog voor te hou en om aan te dui hoe dit in die burgerlike lewe neerslag gevind het.

2. <u>Bronne</u>.

Oor hierdie sake wat die onderwerp van hierdie studie is, bestaan daar min literatuur. Tydens ondersoek het dit geblyk dat ouer en meer resente wetenskaplike studies oor die verloop van gevegte in Potchefstroom hoofsaaklik krygsbedrywighede as tema het en min aandag aan die fisiese voorkoms van die dorp gee. In die verband kan veral die akademiese werke van <u>D.J.P. Haasbroek</u>, <u>Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838 - 1881</u>, <u>M. Heyns</u>, <u>Om die Vryheid van</u>

Transvaal 1877 - 1881 en D.F. Le Roux, Die beleg van Potchefstroom gedurende die Eerste Vryheidsoorlog genoem word.

As kontemporêre bronne is die werke van J.D. Weilbach en C.N.J. du Plessis, Geschiedenis van de Emigranten Boeren en van Den Vrijheidsoorlog, T.F. Carter, A narrative of the Boer War: its causes and results en R.W.C. Winsloe, The siege of Potchefstroom van groot waarde. Weilbach en Du Plessis het albei ŉ lewende aandeel in die oorlog gehad. Kommandant Du Plessis was in Potcefstroom woonagtig met die uitbreek van vyandelikhede daar en gee ŉ ooggetuie weergawe van die gebeure wat plaasgevind het. Die werk verskaf waardevolle inligting oor gebeure in die dorp en bevat gepubliseerde proklamasies, korrespondensie en besluite van die Volksraad en Uitvoerende Raad. Die beleg word ook baie volledig in die werk van Carter beskryf en hy gee ŉ taamlik volledige beskrywing van die voorkoms van Potchefstroom. Die werk is ongelukkig baie bevooroordeeld en skep ŉ eensydige beeld van gebeure tydens die beleg. Luitenant-Kolonel Winsloe was die bevelvoerder van die Britse troepe in die fort, wat aan die westelike kant van die dorp geleë was, en uit die aard van die saak is sy werk een van die eerstehandse beskrywings en bron van inligting oor die beleg. Hoewel Winsloe gebeure vanuit die fort waargeneem het, maak hy melding van gebeure in die dorp soos dit vanuit die fort waargeneem is (sien p.105).

Die anonieme skrywer van Diary of events gee ŉ interessante beskrywing van toestande in die dorp tydens die beleg maar

gaan mank aan objektiwiteit. Die bron is geneig om soos in die geval van Carter, A narrative of the Boer War, ʼn eensydige beeld daar te stel.

Kontemporêre koerante soos De Transvaal, De Transvaal Argus en De Volkstem bevat waardevolle inligting oor ekonomiese bedrywighede in Potchefstroom en is nuttig gebruik.

Van die vroegste kontemporêre beskrywings oor Potchefstroom het uit die pen van reisigers gekom. Anthony Trollope, beroemde Engelse skrywer, het Suid-Afrika in 1877 op 62 jarige leeftyd besoek. Tydens sy besoek het hy Potchefstroom aangedoen en het in sy werk South Africa een van die mooiste beskrywings van die dorp gegee. Hy verwys in sy beskrywing na die stigting van die dorp, sy rol as hoofstad van die Suid-Afrikaanse Republiek, die huise, die mooi tuine en Kerkplein. ʼn Interessante beskrywing het gekom uit die pen van E. Holub, Seven Years in South Africa wat Potchefstroom ook in die laat sewentigerjare besoek het.

Wat verhandelinge en proefskrifte betref is die verhandeling van Haasbroek ʼn belangrike en volledige werk oor die geskiedenis van Potchefstroom tot met die Oorlog. Die skrywer het ʼn deeglike studie gemaak van toepaslike argiefmateriaal en die werk vul die inligting wat uit gepubliseerde bronne verkry is, goed aan. Die werk beskryf onder andere die voorgeskiedenis en stigting van die dorp, die pioniersjare, sosiale omstandighede en die beleg van die dorp. Die verhandeling kan as basiese naslaanbron oor die

geskiedenis van Potchefstroom beskou word.

ŉ Werk wat nie spesifiek oor Potchefstroom handel nie maar wat uiters waardevolle inligting oor die dorp se geskiedenis, bevolking en ekonomiese bedrywighede bevat, is die proefskrif van F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837 - 1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. Die skrywer het gebruik gemaak van belangrike bonne en gee ŉ goeie uiteensetting en samevatting van die beskikbare gegewens. Aan die hand van hierdie werk kan die bevolkingsgroei in Potchefstroom in ŉ groot mate bepaal word.

Die verhandeling van D.F. Le Roux, Die beleg van Potchefstroom gedurende die Eerste Vryheidsoorlog kan as ŉ standaardwerk oor die beleg beskou word om rede die skrywer daarin slaag om verskillende weergawes saam te vat en te interperteer. Die skrywer het ook ŉ deeglike studie van argiefmateriaal gemaak wat aangevul is deur gepubliseerde bronne. Hoewel die verhandeling hoofsaaklik oor die krygsbedrywighede te Potchefstroom handel word daar op verskeie plekke na administratiewe reëlings verwys wat in die dorp gedurende die beleg getref was.

Die werk van A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel 1: Wordingsjare verskaf waardevolle inligting oor die ontwikkeling en groei van Potchefstroom op ekonomiese gebied. Die werk van E.H. Jenkins, The commercial history of Potchefstroom, soos vervat in

Potchefstroom 1838 - 1938 verskaf heelwat nuttige inligting oor die ekonomie in die dorp maar is ongelukkig baie onvolledig. Inligting oor die ekonomie in Potchefstroom is moeilik opgespoor en in 'n volledige studie van hierdie onderwerp sal daar veral van argiefmateriaal en koerantberigte gebruik gemaak moet word (Aucamp, 1976, p.27).

'n Werk deur een van die vroeë inwoners van Potchefstroom naamlik A.J. van der Walt, Vastrappers of Volkstiepe bevat waardevolle inligting oor die geskiedenis van die dorp maar is ongelukkig onvolledig en baie van sy inligting berus op hoorsê. 'n Meer populêre werk oor die geskiedenis van Potchefstroom is A centery of history, the story of Potchefstroom deur G. Jenkins. Die werk wat deur 'n 17 jarige hoërskoolseun in 1939 geskryf is, is betroubaar maar nie altyd volledig nie.

Wat primêre bronne betref kan die Suid-Afrikaanse Argiefstukke as een van die belangrikste bronne oor die geskiedenis van Potchefstroom beskou word. Hierdie werke bevat die notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1844 - 1867 waarin talle verwysings na Potchefstroom voorkom. Dit bied die voordeel dat dit deur die redakteur(s) aan deeglike eksterne kritiek onderwerp is.

Oor toestande en gebeure in Potchefstroom gedurende die Eerste Vryheidsoorlog is die versameling dokumente in die Argief Boere Voormanne van groot waarde. Van die ongepubliseerde argiefbronne is die Van Dam en Forssmanversamelings

besonder nuttig gevind. Kommandant Van Dam was geregsbode in Potchefstroom tydens die Eerste Vryheidsoorlog en gee dus ŉ betroubare weergawe van gebeure daar. Kavalier Forssman was ŉ vooraanstaande handelaar in Potchefstroom en interessante gegewens is in die versameling opgespoor. Die Forssmanversameling se bladsye is nie altyd potlood genommer nie en gevolglik sal dokumente waarna in hierdie verhandeling verwys word, moeilik opgespoor word. Die Julian Orford Versameling in die Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis het interessante gegewens oor die beleg op band en is nuttig gebruik. Soos in die geval van die Forssman-versameling is die bladsye nie altyd genommer nie en sal die opsporing van sekere gegewens moeilik wees.

De Staats Courant gedurende den Vrijheidsoorlog van 1881 kan as onmisbaar beskou word in verband met die studie van gebeure rondom die Eerste Vryheidsoorlog. Die koerant bevat betroubare inligting oor gebeure in Potchefstroom en bevat verskeie gepubliseerde proklamasies en kennisgewings van die Volksraad en Uitvoerende Raad.

By gebrek aan volledige beskrywings en foto's oor geboue in Potchefstroom teen 1880, het dorpskaarte in die plek daarvan nuttige inligting verskaf. Deur middel van dorpskaarte kon by benadering vasgestel word waar sekere geboue presies gestaan het en watter geboue aanmekaar gegrens het. In die verband kan die Palk-kaart wat in die Potchefstroomse Museum gehuisves word vermeld word. Die bepaalde kaart is deur ŉ sekere Mevrou Palk geteken en dateer uit die jare

1880 tot 1882. Verskeie ander kaarte is ook geraadpleeg om inligting te bekom oor die voorkoms van die dorp (sien p.138). Die kaarte is nie altyd so volledig nie en dit is opvallend dat die meeste gegewens daarop om Kerk- en Markplein aangebring is.

Benewens genoemde werke en kaarte is verskeie ander werke, tydskrifartikels en koerante geraadpleeg om inligting oor die onderwerp van die studie te bekom.

## 3. Samevatting.

Na die versameling van materiaal en die ontsluiting van die inhoud is gepoog om die feite sinvol te groepeer, te interpreteer en weer te gee. Die doel met die samestelling van die verhandeling is om die leser ŉ beter begrip te gee van die fisiese voorkoms van Potchefstroom tydens die Oorlog.

Ten einde die voorkoms van Potchefstroom tydens die Oorlog te verstaan was dit noodsaaklik om enkele aspekte van die wordingsjare van die dorp aan te dui en te bespreek. Hoofstuk twee word bepaaldelik hieraan gewy. Die hoofstuk bevat slegs enkele belangrike feite aangaande die stigting en aanleg van Potchefstroom in 1838 en die ontwikkeling wat die dorp vanaf gemelde datum ondergaan het. Die doel was nie om hier ŉ volledige geskiedenis weer te gee nie, maar eerder om die leser kortliks ŉ oorsig te gee van die vroeë ontwikkeling van die dorp gedurende die tydperk 1838 - 1860.

Gedurende hierdie tydperk het Potchefstroom sy kinderskoene ontgroei en in die daaropvolgende twee dekades snelle vooruitgang op sosiale- en ekonomiese gebied beleef met die gevolg dat die dorp met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in 1880 'n florerende handelsentrum in Transvaal was.

In hoofstukke drie tot agt word onderskeidelik die demografiese, ekonomiese en sosiale toestand in Potchefstroom uitgebeeld soos dit was tydens die oorlog. Hoofstuk nege word kortliks gewy aan toestande wat na die beleg in die dorp geheers het. Die doel hiermee is om die uitwerking van die beleg op die dorp weer te gee.

Die slothoofstuk is 'n kort samevatting van enkele gevolgtrekkings en standpunte wat in die studie oor die fisiese voorkoms van Potchefstroom na vore gekom het.